

8 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19

Fokusgedeelte: Matteus 5:10

Vervolgdes op aarde en besitter van 'n hemelse koninkryk!

Met hierdie saligspreking word ek en jy voor 'n toets gestel: Hoe ernstig is ons daarvoor om Christus, ons Here, te *volg* ...? Dan kan ons maar verwag om *vervolg* te word! Dit is nogal 'n vreemde gedagte dat so 'n suiwer en goeie saak soos om Christus te volg, aanleiding tot vervolging kan gee. Waarom sou dit wees?

Jesus sê: *"Geseënd is die wat vervolg word, omdat hulle doen wat reg is ..."* Iemand wat gehoorsaam agter Jesus aangaan, kan nie anders as om 'n doring in die vlees van die wêreld te wees nie. Daardeur ontmasker en veroordeel hy juis die leuenlewe in die ryk van Satan. Omdat die bese die krag van Jesus se verlossende heerskappy wat op hom afkom, kan aanvoel; omdat hy weet dat hy in sy laaste loopgraaf vasgepen is – daarom dat hy met soveel geweld terugbakei. Daarom vervolging! Dit is nie iets vreemds wat met ons gebeur nie (1 Pet. 4:12).

Ons moet die Here dank dat ons godsdiensvryheid in Suid-Afrika mag geniet. Ongelukkig beteken dit nie 'n *vrywaring* teen vervolging nie. Miskien gebeur dit net op 'n baie meer subtiele manier. (Ons sal môre kyk na vorme van vervolging.) Vandag egter, moet ons goed hoor: nie elke "vervolgde" is "geseënd" nie. Net dié wat *"doen wat reg is"*! Daar is mense, gelowige mense, wat vervolg word en ly as gevolg van hulle eie dwaasheid of eersug, of as gevolg van astrartheid en hulle eie skewe idee van wat "reg" is, of as gevolg van hulle moeilike, aanstootlike persoonlikhede. *"As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is, of 'n dief, of 'n misdadiger of 'n kwaadstoker nie"* (1 Pet. 4:15). So iemand kry maar net sy verdiende loon!

Al beskou die wêreld jou as 'n uitvaagsel, jy is die besitter van die koninkryk, veilig weggebêre in die hemel! Die grootste heerlikheid vir jou, vervolgde! Word jy vervolg? Nie? Is dit dalk omdat jy Jesus nie so getrou volg nie ...?

Sing: Psalm 118:3 (Totius)

Ds. HC van Rooy (Randburg)